





https://gs.statcounter.com/os-market-share/mobile/worldwide




https://gs.statcounter.com/os-market-share/mobile/worldwide





https://gs.statcounter.com/os-market-share/desktop/worldwide

**Linux (kernel)**


- > 30 000 000 lyne kode
- ~1500 bydraers (2018)
- US$ ~15 000 000 000 om te herskryf (2017)

***Bybel***

- *> 30 000 000 verse*
- *~40 skrywers*
- ***onbetaalbaar***




https://gs.statcounter.com/os-market-share/mobile/worldwide




https://gs.statcounter.com/os-market-share/desktop/worldwide

# 2 vrae:

1. Hoekom sal hulle iets wat so **duur** is, **gratis** weggee?

2. Hoe kan só **baie** saamwerk en ’n **sukses** maak?

# Duur goed gratis weggee

1. Tradisioneel: verkoop vir wins
2. Met versteekte agenda: om wins op ’n ander manier te maak
3. Goedhartigheid: om die nut by ander uit te kry

# Suksesvol saamwerk

1. Enkelinge het verskillende persoonlikhede en opinies
2. Dit is nodig om te organiseer
3. Duidelike doel voor oë

# Watter tipes gemeentes kry mens?
# Watter tipe is ons / wil ons wees?

1. Tradisioneel: Iets in ruil vir geld
2. Met versteekte agenda: om wins op ’n ander manier te maak
3. Goedhartigheid: om die nut by ander uit te kry

**Mattheüs 10**

[5] Jahsua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; [6] maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.

[7] En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.
[8] Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit.

Julle het dit verniet ontvang, **verniet moet julle dit gee**. [9] Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; [10] geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die **arbeider is sy voedsel werd**.

**1 Korinthiërs 4** [11] Tot op hierdie uur ly ons honger en dors, is ons naak en word geslaan, en swerwe ons rond, [12] en swoeg ons **deur met ons eie hande te werk**. ...

**2 Korinthiërs 11** [7] Of het ek sonde gedoen deur my te verneder sodat julle verhoog kan word, omdat ek **die evangelie van God kosteloos aan julle verkondig het**? [8] Ander gemeentes het ek beroof deur vergoeding te neem om julle te bedien; en toe ek by julle teenwoordig was en gebrek gehad het, het ek niemand lastig geval nie. [9] Want in my gebrek het die broeders voorsien wat van Macedónië gekom het.

**2 Korinthiërs 12** [14] Kyk, vir die derde keer is ek gereed om na julle te kom; en ek sal julle nie lastig val nie, want ek soek nie julle goed nie, maar julle self; want dit is nie die kinders wat vir die ouers moet opgaar nie, maar die ouers vir die kinders. [15] En ek sal baie graag uitgee, ja, **myself weggee vir julle siele** ...

# Gemeente, of ’n groep enkelinge?

1. Elkeen is uniek met verskillende Geestelike gawes
2. Een liggaam, georganiseer deur die Heilige Gees
3. Een gemeenskaplike doel: die Koninkryk van God

**1 Korinthiërs 12** [25] sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die **lede gelyke sorg vir mekaar** mag dra. [26] En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

**Romeine 12** [6] En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: [7] is dit profesie, na die maat van die geloof; of **bediening**, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; [8] of wie vermaan, in die vermaning; wie **uitdeel**, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie **barmhartigheid** bewys, met blymoedigheid.

**Galasiërs 6** [6] Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee.

**1 Thessalonicense 5** [11] Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

**1 Johnannes 3** [17] Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? [18] My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.

**Hebreërs 13** [16] Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.

**Galasiërs 6** [10] Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

**Lukas 11** [5] En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode, [6] want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie — [7] en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie. [8] Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog **ter wille van sy onbeskaamdheid** opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.